# DIE EENDJIENUUS


Uitgawe 10: 4 April 2024



BELANGRIKE INLIGTING:


Datums Bl. 3

Uitslae Bl. 4-6



# Uit die kantoor

- Welkom terug na die vakansie. Ek vertrou u het die vakansie saam met u geliefdes geniet.
- Leerderverslae van die eerste kwartaal word vandag huis toe gestuur, asook die oueraandbrief en brief i.v.m. die slaagvereistes. Indien u bekommerd is oor u dogter se vordering of enige ander probleme ondervind en graag u dogter se onderwyseres wil spreek, voltooi asseblief die oueraandbrief en stuur dit na die registeronderwyseres op Maandag, 8 April. Onthou dit is baie belangrik dat ons saam met u as ouers hande vat in belang van u dogter se vordering.
- Skool se Verjaarsdag
  Op Vrydag, 5 April, word Oranje 117 jaar oud! Die dogters word met busse na die Vrouemonument vervoer. Die skool verdaag Vrydag om 12:00. Middagstudie gaan normaal voort.

  Kleredrag: Leerders moet asseblief baie netjies in somersdrag, m.a.w. pampoenrokke aangetrek wees, met skoolbaadjies. Hare moet netjies volgens die reëls wees. Geen tasse word skool toe gebring nie.

  Op Sondag, 7 April, om 08:00 word die naweek se verrigtinge in die Klipkerk afgesluit. Die seniorkoor tree saam met die hoërskoolkoor op en Oranje-dogters, -ouers, -personeel en Oud-Oranjes kom dank ons Hemelse Vader dat Hy Sy hand van bewaring vir nog 'n jaar oor Oranje gehou het.
- Die o. 13 netbal, -hokkie en -tennisspanne het in die vakansie aan die All Girls toernooi by St. Michael's deelgeneem en dit baie geniet. Uitslae op bladsy 4. Dankie aan ons afrigters en spanbestuurders: me. Margarete Swart, mevv. Marida Myburgh, Chandriné Jones, Engela le Roux en mnr. Gyster van Schalkwyk.
- Oranje se o.11A-, o. 12A- en o. 13A-netbalspanne het die vakansie aan Menlopark se netbaltoernooi deelgeneem. Top skole van oor die land het aan die toernooi deelgeneem en netbal van hoogstaande gehalte is gespeel. Dankie aan die afrigters en spanbestuurders: mevv. Marida Myburgh, Natasja Geyer, Celeste Viljoen en Chandriné Jones wat die dogters vergesel het.
- Baie geluk aan die atlete wat pragtig tydens die Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskap presteer het. Uitslae op bladsy 5.
- Veels geluk aan ons dogters wat gedurende die vakansie in verskeie ander sportsoorte pragtig presteer het. Oranje is trots op julle.
- Baie sterkte aan ons netbalspanne en -afrigters wat Saterdag aan verskillende skole se netbaldae gaan deelneem.
- Die netballiga begin volgende Donderdag teen Fichardtpark laerskool.
- Baie sterkte en seën vir dié kwartaal.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 4 April: | Markdag Sekondêre Skool<br>Buitemuurs begin<br>Voedselprojek Gr. 2A |
| 5 April: | Skoolverjaarsdag: Skool kom 12:00 uit |
| 6 April: | o.7 - o.13-netbaldae |
| 7 April: | Kerkdiens 08:00<br>Juf. Sarita verjaar |
| 8 April: | Leerderraadvergadering 17:00 - 18:00<br>Redenaars: Podiumpret - Vrystaat uitdunne by Willem Postma |
| 9 April: | Voedselprojek Gr. 2B |
| 10 April: | Enviro Quiz kompetisie Gr. 6 |
| 11 April: | Voedselprojek Gr. 2C<br>Oueraand: Stadsouers<br>Netballiga: OMS vs Fichardtpark |
| 12 April: | Juf. Carmen verjaar<br>Ouermiddag: koshuisouers<br>Seniorkoor oefenkamp 18:00 - 20:00 |
| 13 April: | Seniorkoor oefenkamp 09:00 - 13:00<br>Paribas Rising Star tennis |
| 15 April: | Juf. Christine verjaar<br>IF: Detensie<br>Oppie Tong af Redenaars: Aanlyn |
| 16 April: | Voedselprojek Gr. 1A<br>IF: Detensie<br>Oppie Tong af Redenaars: Aanlyn<br>Motheo Netbalproewe: o.12 & o.13 Fichardtpark Groep 1 |

# Netbal

Menlopark Netbaltoernooi

Die o. 11A-, o. 12A- en o. 13A-netbalspanne het vanaf 25 tot 28 April hulle vere gaan regskud in Pretoria vir die netbalseisoen wat voorlê. Elke span het 11 wedstryde gespeel tydens die Menlopark Netbaltoernooi. Tydens die toernooi was daar 53 skole en 124 spanne van reg oor die land.

Oranje het altesaam 33 wedstryde gespeel waarvan hulle 16 gewen, 2 gelykop en 14 naelskraap verloor het.

Ons is baie trots op elke dogter wat haar beste gegee het teen van die land se beste netbalspanne. Julle is definitief nou slaggereed vir die netbalseisoen van 2024.

# Tweekamp

Die volgende dogters het op 30 Maart aan die Suid-Afrikaanse Tweekampkampioenskap in Bloemfontein deelgeneem en soos volg presteer:

o. 9

| | |
|---|---|
| Alta Snyman | 32ste |
| Lara van Viegen | 38ste |

o. 11

| | |
|---|---|
| Lea Cilliers | 4de |
| Lisa le Roux | 8ste |
| Z'Ney Piechaczek | 13de |
| Kaylyn Blair | 17de |
| Tené Venter | 55ste |

o. 13

| | |
|---|---|
| Livia Gutter | 16de |
| Inge opperman | 28ste |
| Ella van Viegen | 35ste |

o. 15

| | |
|---|---|
| Ashley Williams | 56ste |

# All Girls

Vanaf 20 tot 23 Maart het verskeie dogters die skool verteenwoordig by die All Girls Festival wat by St. Michael's aangebied is.

Die spanne presteer as volg:

Hokkie:

| | | |
|---|---|---|
| Collegiate | Verloor | 0-1 |
| Claredon | Wen | 5-0 |
| St Cyprians | Wen | 2-0 |
| Balmoral | Wen | 1-0 |
| Herschel | Wen | 4-0 |
| Eunice | Gelyk | 0-0 |
| St. Michaels | Wen | 4-0 |
| Wynberg | Wen | 3-0 |
| Springfield | Wen | 8-0 |

Netbal:

| | | |
|---|---|---|
| Collegiate | Wen | 13-3 |
| Claredon | Wen | 15-11 |
| St. Cyprians | Verloor | 8-11 |
| Balmoral | Wen | 19-15 |
| Herschel | Wen | 12-9 |
| Eunice | Wen | 18-1 |
| St. Michaels | Wen | 30-5 |
| Wynberg | Wen | 23-1 |
| Springfield | Wen | 12-3 |
| St. Petersburg A | Wen | 16-9 |

Tennis:

| | | |
|---|---|---|
| Claredon | Wen | 52 spelle |
| Herschel | Wen | 34 spelle |
| Eunice | Wen | 16 spelle |
| St. Michaels | Wen | 52 spelle |
| Wynberg | Wen | 44 spelle |

# Sport

# Swem

Die volgende dogters het vanaf 26 tot 28 Maart aan die Suid-Afrikaanse vlak 2 regional swemkampioenskap in Kimberley deelgeneem en presteer soos volg:

o. 10

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lisa le Roux: | 100m | Vryslag | 1ste |
| | 50m | Rugslag | 1ste |
| | 200m | IM | 1ste |
| | 100m | Borsslag | 1ste |
| | 200m | Vryslag | 1ste |
| | 100m | Rugslag | 1ste |
| | 50m | Vryslag | 1ste |
| | 50m | Vlinderslag | 2de |
| | 50m | Borsslag | 3de |

o. 13

| | | | |
|---|---|---|---|
| Johandri Pool: | 400m | Vryslagaflos | 1ste |
| | 200m | Vryslagaflos | 1ste |
| | 200m | Borsslag | 2de |
| | 200m | Wisselslag aflos | 3de |
| | 50m | Borsslag | 3de |
| | 100m | Borsslag | 4de |
| | 200m | Vryslag | 12de |
| | 200m | IM | 14de |
| | 50m | Rugslag | 16de |
| | 100m | Vryslag | 17de |
| | 50m | Vlinderslag | 17de |
| | 50m | Vryslag | 19de |

Die volgende dogters het vanaf 21 tot 25 Maart aan die Suid-Afrikaanse vlak 3 swemkampioenskap deelgeneem en soos volg presteer:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Livia Gutter: | 100m | Vryslag | 2de |
| | 100m | Borsslag | 3de |
| | 200m | Vryslag | 1ste |
| | 50m | Borsslag | 7de |
| | 200m | IM | 2de |
| | 50m | Vryslag | 4de |
| | 200m | Borsslag | 2de |
| | 50m | Rugslag | 7de |
| | 400m | Vryslag aflos | 1ste |
| | 200m | Vryslag aflos | 1ste |
| | 200m | Gemengde wisselslag aflos | 3de |
| | 200m | Wisslelslag aflos | 1ste |
| | 400m | Gemengde vryslag aflos | 1ste |
| Ashley Williams: | 100m | Vryslagaflos | 4de |
| | 50m | Wisselslagaflos | 5de |
| | 200m | Rugslag | 6de |
| | 200m | Borsslag | 7de |
| | 100m | Borsslag | 8ste |
| | 200m | Vryslag | 8ste |

# Atletiek

Die volgende dogters het op 25 en 26 Maart aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskap in Polokwane deelgeneem en soos volg presteer:

| | | |
|---|---|---|
| Lea Cilliers: | 1200m | 7de |
| Mieke Naudé: | Verspring | 11de |
| Annabelle van Zyl: | 70m hekkies | 5de |
| Chani Britz: | 800m | 4de |
| | 1500m | 7de |

# Laser-Run

Baie geluk met die volgende dogters se insluiting in die Vrystaat Laser-Run span wat vanaf 5 tot 7 April aan die Suid-Afrikaanse kampioenskap in Stellenbosch gaan deelneem :

~ Lea Cilliers
~ Z'ney Piechaczek
~ Tené Venter
~ Almé Bornman
~ Munay Uys
~ Chani Britz
~ Milan van den Berg

# Tennis

Mikela Kritzinger het op 30 Maart aan die Rainbow Kids tennistoernooi deelgeneem en 'n eerste plek behaal in die dubbels vir dogters o. 10.

Lika Claassens het die afgelope vakansie aan verskeie tennistoernooie deelgeneem en soos volg presteer:

<u>2024 American Express Junior Nasionale Tennis-kampioenskap 21 tot 27 Maart</u>

| | | |
|---|---|---|
| o. 14 | Enkels | 8ste |
| o. 14 | Dubbels | 8ste |

<u>Vrystaat Super 8 Tennistoernooi 27 Maart tot 1 April</u>

| | | |
|---|---|---|
| o. 14 | Dubbels | 8ste |

# Eisteddfod

Lika Claassens het vanaf 18 tot 20 Maart aan die Con Spirito Eiesteddfod deelgeneem en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| Afrikaans Voorbereide Lees Prosa | A+++ (96%) |
| Afrikaans Voorbereide Bybellees | A+++ (97%) |

Lika word ook na afloop van die kompetisie aangewys as itemwenner in die Kategorie: Afrikaans Voorbereide Bybellees. Sy dring deur na die nasionale finaal in albei kategorieë wat gehou sal word in Augustus 2024.

# Algemeen



## Genade ...

Is 'n toe-vou woord,
'n alles-sal-goed-wees-gerustheid,
'n Hy-weet-die-beste-wete,
'n rus-in-Hom-vrede ...
Dis om onder alle omstandighede
te weet dat Hy jou saggies in Sy
hand toevou omdat Hy jou ken.
Meer nog ... omdat jy Syne is.
Mag ons Vader hierdie week
Sy genade soos 'n donskombers
om jou hart vou.

*~ Franell Smith ~*

## Lief en Leed

Ons dink aan tannie Beneli en haar familie met die afsterwe van haar broer. Mag al die mooi herinneringe julle deur die moeilike dae dra.

## Lief en Leed

Baie geluk aan juffrou Elmarie Roos en haar familie wat 'n kleinseun ryker is. Mag hy vir julle baie vreugde bring!






# ADVERTENSIES